

Besoekers

Geskryf deur Francois van Rooyen

Daniël hoes, en maak 'n roggel geluid. Hy is in sy vroeë veertigs. Sy kinderjare was rof en die letsels daarvan is duidelik as mens na hom kyk. Hy vertel dat hy ophou drink het (vyfjaar gelede) en lankal ophou rook het; hy is wel steeds mal oor koffie. Hy skink ons een van sy tuis geroosterde koffiemengsels - dit ruik sterk! Ons sit in sy posseël grotte kombuis; groot genoeg nadat sy gesin van hom vervreemd geraak het. Daar is net plek vir die stoof, 'n klein wasbak, 'n ou swart yskas, 'n klein hout kombuistafel, twee stoele en 'n kombuiskas. Ek is mal oor die kombuiskas se glas skuifdeurtjies waaragter sy koppies en borde gebêre word.

Die laaste middagson se strale skyn rustig deur die klein vuil venstertjie bo die wasbak. Hy het sy huishulp laat gaan - vandat hy sy werk twee maande gelede verloor het - en probeer self sy plek netjies hou. Van my eie ondervinding weet ek dat dit moeilik is om elke dag, oor en oor, huis skoon te maak. Dit raak later 'n swaar en knaende las. Niks bly ooit skoon nie. "So, vertel vir my," sê Daniël in sy diep, growwe stem. "Wat sal jy, by 'n mal mens soos ek kom doen?"

My kollegas, by ons klein gemeenskapskoerant, het my gewaarsku dat Daniël reguit en selfs ongeskik is. Ek het gevoel ek sal dit kan hanteer. Ek kom self uit 'n gesin waar my pa niks daarvan gehou het om onbenullige geselsies te maak nie, sy streng dissipline het eerder gekommunikeer. Nadat die kanker hom vernietig het, het die impak daarvan nog steeds 'n invloed op my.

"Of, is jy ook een van daai, wat wil hoor of die stories wat oor my rondloop waar is?" vra Daniël kortaf.

Ek kan sien dat Daniël agterdogtig raak - ek kan dit begryp. Vandat die berigte oor Daniël, in ons klein gemeenskapskoerant, begin verskyn het (vyf maande gelede), het belangstelling in hom heeltemal hand uit geruk. Ek voel jammer vir mense wat bekend - *berug* - word deur tragiese stories. Dit is asof die storie groter as die persoon raak; die persoon word dan 'n publieke besitting.

As ek wil hê die onderhoud moet 'n sukses wees sal ek reguit en op my gemak moet wees. Al is dit moeilik. '*Jy moet nie nou soos 'n muis wegkruip nie, kom uit, en wees braaf!*' was een van my pa se gunsteling sê-goed wanneer hy my wou motiveer, maar soos ek ouer geword het, het die woorde van motivering in harde woorde - van skel, selfs seer - verander. Die laaste jare voor my pa se dood was ons gesin gedurig die teiken van sy woede en geweld. Vandat my pa nie meer kon werk nie, het die Maandag-oggende wat ek met blou kolle skooltoe gegaan het toegeneem. Die onderwysers het nooit iets gesê nie (wou seker nie betrokke raak nie). In my pa se oë was sy gesin 'n '*wonderlik-gedissiplineerde gesin*' wat op die dun en reguit paadjie stap, en hy was die hand wat seker maak dat dit so bly. Ek kan seker nie my ma kwalik neem vir wat sy gedoen het nie?

"Nee, ek wil hê jy moet my vertel wat gebeur het, daardie dag, in die kerkkamer." sê ek vir Daniel. "Ek het al die stories gehoor,

maar ek glo dat jou storie verband hou met dit wat deesdae in ons dorp gebeur. Ek, net soos baie ander mense, is bekommerd!”

Daniël draai sy vol koffiebeker, stadig met sy vingers. Dit maak 'n growwe skuifgeluid op die houttafel wat herhaal met elke omwenteling. Hy lyk glad nie haastig om van die koffie te drink nie. Dit laat my terugdink aan my universiteitsvriend wat my so gefrustreer het deur met sy sigarette te speel voor hy dit aan steek. Eers het hy die sigarette uit die pakkie gehaal en in sy vingers rondgerol, dan die sigarette in sy mond gesit en dit tussen sy lippe gerol, dan uit sy mond uit gehaal en wragtig iets gesê. Hy sou dan weer die hele ritueel herhaal. Rol die sigarette in die vingers, rol die sigarette op die lippe, haal sigarette uit sy mond en sê iets. Gewoonlik teen die tyd dat hy die sigarette aansteek, was ek al op my tweede, of derde ene. Ek weet mens moet die lewe nie haas nie - dit is iets wat ek graag wil regkry - maar genade; om so traag te wees is nie vir my nie.

Daniël draai steeds sy koffiebeker. Die swart koffie meng met die bruin skuim, die stoom draai en meng met die stof 'feetjies' wat in die sonstraal, deur die vuil kombuisvenster, dans.

Die sonstraal wat deur Daniël se klein venstertjie skyn, herroep een van my gunsteling herinneringe - die eerste middag nadat ek uit my ouerhuis getrek het. Toe ek in my motorkar sit, my sigaret in my mond, die son wat deur die motorvoorruit warm op my maag skyn. Dit was vryheid.

“Ek weet nie of jy iets anders by my gaan hoor as wat die skindertonge al klaar gesê het nie. Ek wil nie weer ou wonde

oopkrap nie! Jou bekommernis gaan my net weer aan al die seer en haat laat dink," sê Daniël. "Ek sal wel graag wil help, en as, deur my storie weer te vertel, dan sal ek."

Daniël draai sy beker en gee 'n sug. Die skinderstories het so erg geraak, dat sy werkgewer hom een oggend ingeroep het, hom een jaar se vooruitbetaalde salaris aangebied het. Hy moes vrywillig bedank, omdat sy reputasie die besigheid skade laat lei. Daniël moes die aanbod aanvaar.

Ek weet ook self, baie min skinderstories is waar; tog is dit gegrond op die werklikheid. Dit is hoekom dit so seer maak, veral as die stories oor jou of jou gesin gaan.

Nadat ek uit my ouerhuis getrek het, het my oorblywende broers en susters ook gevolg. Net my ma het agtergebly om na my pa om te sien. Ek, anders as my broers en susters, het nie weer terug huis toe gegaan nie; selfs nie eers eenkeer gebel nie. Dit was 'n helse skok, toe 'n dokter by die hospitaal my bel en sê ek moet my ma kom haal! Ek het vir 'n week in my ou kamer in getrek, net om seker te maak alles is onder beheer. My pa het nog twee weke gelewe hierna.

"As ek reg verstaan, Daniël. Dit was Kersfees oggend. Jy het 'n oorvol kerkdiens bygewoon, omdat jy laat gekom het, was al die sitplekke in die kerk, asook in die oorvloei kamer, vol. Jy was deur 'n onbekende 'kerk beampte' na 'n ekstra spaarkamer geneem," som ek die gebeure vinnig op vir Daniël. "Omdat daar baie mense

was, en jy nie tyd gehad het om onraad te merk nie, het jy hom gevolg.”

Ek sien Daniël het die koffiebeker ophou draai, die beker maak nie meer 'n geluid nie, nou hoor ek vir die eerste keer 'n elektriese aan-af klik gedreun van die ou swart yskas. As ek toe geweet het wat daardie geluid beteken, en dadelik gevlug het, sou ek myself later baie nagmerries gespaar het.

Daniël tel die koffiebeker op en bring dit na sy lippe. Voor hy 'n sluk neem begin hy praat. Die sonstraal val op die suikerpotjie en gooi 'n lang skaduwee oor die tafelblad. Hy sit sy koffie beker terug op die tafel!

Daniël vertel oor die gebeurtenis van daardie oggend in die kerkkantoor, presies soos ek dit al gehoor het, en niks klink anders of nuut nie. 'n Onbekende 'kerk beampte' het vir Daniël na in sitplek in die ekstra spaarkamer verwys. Die 'beampte' het ook vir Daniël gesê dat daar lekker lugversorging in die kamer sal wees; dit was vrek warm daardie oggend! Daar was 'n projektor wat die beeld van die kerkdiens op 'n wit doek geprojekteer het. Volgens Daniël het die 'beampte' ook gesê dat die klank baie goed in die kamer sal wees; hulle het verwag dat baie ouer mense die diens sou bywoon en het verder gesê dat daar 'n spesiale besoekende-dominee gaan preek. Daniël het hom bedank; 'n program geneem en sitplek ingeneem langs die lugversorger. “Ek het gesien dat die lugversorger 'n draagbare ene is en het gereken dat ek meer van die koel lug sal kry as ek naby sit. Hulle maak mos nie orals koel nie,” het Daniël gesê.

Ek onthou, soos Daniël oor die lugversorger praat, dat my pa altyd in 'n koue kamer geslaap het; hy het geglo dat koue sy kanker se aanslag sal vertraag. My ma het hom in alles ondersteun, selfs die hele huis met lugversorging toegerus.

Ons het nooit onraad oor my ma opgemerk nie, omdat sy die rol van 'ondersteunende vrou' so oortuigend gespeel het. Toe ek die eerste keer die skinderstories gehoor het, was ek heeltemal uit die veld geslaan en wou niks daarvan weet nie. Ek kon dit eenvoudig nie glo nie. Later kon ek dit nie meer ignoreer nie.

Al het my pa ons baie sleg behandel, sou ek nie met myself kon saam leef as hy in - onnodige - pyn moes sterf nie.

Sou my ma dit weer probeer het as my pa langer geleef het? Ek weet nie, maar ek vermoed sy sou...

"Ja, ek ken daai lugversorgers, mens kan..." ek wou nog, maar Daniël praat net verder. "Omdat ek laat gekom het, was die voorsang gedeelte van die kerk reeds klaar. Ek hou niks van al die gesing nie, dit maak my rug seer. Mens staan veels te lank," sê Daniël, dit lyk of hy nie eers gehoor het dat ek besig was om hom te antwoord nie.

Daniël praat net verder en sê dat hy wonder hoekom dominees deesdae dink hulle moet komediantes wees. Hy vertel ook dat die dominee eers 'n klomp kindertjies (meeste van hulle was seker nog op laerskool) nader geroep het. Hy het met hulle gepraat asof hulle babas was. Daniël het gedog wanneer die dominee weer met die gemeente gaan praat, hy in 'n normale stemtoon gaan praat, maar nadat die kindertjies terug na hulle ouers is, het die dominee tot

Daniël se verbasing in sy kinderstemmetjie bly preek. "Die dominee het aanhou praat met die mense asof hy 'n kinderkransles aanbied. Hy het sy hande in die lug gewaai en oor-groot gebare gemaak, net soos wanneer 'n mens babataal praat," het Daniël gesê.

Soos Daniël praat sien ek dat hy weer sy koffiebeker draai, al hoe vinniger. Die skuif geluid op die tafel raak harder; ek kan nie meer die yskas hoor dreun nie.

Ek wens ek kon iets doen om die skindertong gedreun stil te maak.

As mens mooi luister, is daar wel waarheid gevleg tussen die skinderstories oor ons gesin. Dit is waar; ons gesin is tot die uiterste toe gedryf deur gewetenlose eise van my pa. Dit is waar; ek kon nie my sportklere in die badkamers voor almal aan trek nie. Ek moes die blou kolle wegsteek en het eerder binne in die toilethokkie aangetrek. Dit is waar; my pa het mal geword. Dit is waar; sommige dae, op skool, kon ek nie my oë oophou nie. Ek was te moeg, nadat ons die vorige aand diep slote in ons tuin moes grawe as straf. Dit is waar; my hande was eenkeer te bebloed om te skryf, ons moes 'n naweek lank die teëls van die kombuis mure afbreek met ons kaal hande (hoekom weet ek nie.)

Omdat my pa so streng was, wou ons hom nie bevraagteken nie. Ek was bang dat hy my weer vir 'n week lank in sy klerekis gaan toesluit, maar die skindertonge verstaan nie, ek was regtig lief vir my pa.

Ja, ek sal graag iets wil doen wat die gedreun van die skindertonge kan verdoof.

"Soos die dominee [op die skerm] die gemeente aanspreek, kom ek agter hoe hulle [die mense saam met my in die kamer] in vervoering raak met sy bewegings. As die dominee die kant toe loop, dan beweeg almal saam met hom. Asof ons almal seewier in die see word, en die dominee die golwe is wat ons heen en weer laat beweeg." vertel Daniël.

Daniël vertel verder dat dit voel of hy gehipnotiseer word deur die dominee se woorde en bewegings; bewegings wat wel meer gepas sal wees by 'n Lollos baba konsert.

Ek merk die son se straal oor die hout kombuistafel op en die duidelike skaduwee wat die suikerpotjie gooi. Die skaduwee bly nog presies op die selfde plek as toe ek laas gekyk het. Dit is asof die tyd stil staan.

Ek onthou self hoe my pa vir my, toe ek nog klein was, die interessantste goed vertel het. Een van my kleintyd herinneringe was dat ek en my pa, vir ure aaneen, in ons eie kombuis gesit en kyk het hoe die skaduwee van 'n klein hout gekerfde engeltjie, wat in die middel van ons groot (skoon) kombuisvenster geplak was, oor ons kombuis houtvloer skuif. My pa het gesê dat ek 'n vaste punt op die vloer moes kies, soos een van die swart ogies wat die hout maak. Dan moet ek weg kyk vir 'n tyd, as ek terug na die punt kyk sal ek sien dat die skaduwee geskuif het.

Toe ek nog baie jonk was het ek dit nie heeltemal verstaan nie en te gereeld gekyk. Dus het ek nooit regtig besef dat die skaduwee skuif nie. Ek het nogmaals saam met my pa gelag en gemaak

of ek verstaan. Ek wou hom so graag beïndruk, soos ek ouer geraak het, het dit een van my lekkerste speletjies geraak.

Kry 'n punt wat maklik is om te onthou, kyk waar lê die skaduwee, kyk dan weg vir 'n lang tyd en wanneer ek weer terugkyk is ek altyd verbaas om te sien hoeveel die skaduwee geskuif het.

In later jare het ek die speletjie gespeel om kalm te bly wanneer my pa my in sy klerekis toegesluit het. Die klerekis se deksel was op 'n skrefie oop; vir suurstof en gelukkig so bietjie sonlig.

My ouers se slaapkamer het 'n groot venster gehad wat op hulle klein kersieboord uitkyk. Die son het die heeldag lank 'n gefiltreerde straal deur die kersieboom blare, in die slaapkamer, op die klerekis geskyn; wat aan die voet-en-end van my pa se bed staan. Ek het die beweging van die skaduwees, wat deur die suurstof gleuf beweeg het, gevolg en vergelyk met die merke op die hout aan die binnekant van die kis.

Ek dink die skaduwee speletjie was 'n tipe van 'n self hipnose, sodat ek nie (heeltemal) my kop verloor in die klerekis nie. Wanneer ek so in die klerekis gelê het, het ek my verbeel die gekerfde engeltjie, in ons kombuisvenster, gesels met my en dat die skaduwees wat ek in die kis sien; boodskappe van haar is. Ek kon later die speel-speel boodskappe lees en het selfs, met my eie skaduwees, vir haar boodskappe terug gestuur. Soos ek ouer geraak het, het die speel-speel gesprekke met die kombuis engeltjie 'n 'werklikheid' geword. Die boodskappe wat ek, in die skaduwees, ontsyfer het, was meestal waarskuwings oor my pa, en hoe ek uit die moeilikheid kan bly. Daar was ook ander boodskappe; dat my pa

my sussie se arm gaan breek, dat my pa my kleinboet se nek gaan breek, kleinboet is later dood in die hospitaal. Dit is ook hier dat ek gelees het - *'Ontsnap uit jou ouerhuis!'*

"Die Dominee begin toe mense op die verhoog roep om bekeer te word," sê Daniël skielik, ek skrik my self uit die dagdroom uit. Daniël praat net verder; merk niks op nie. Hy vertel hoe die dominee se arms heen en weer swaai, hoe hy wieg soos 'n omgekeerde metronoom.

"Ek voel hoe ek gelok word. Ek sien die mense, saam met my in die kamer beweeg, heen en weer. Hulle wieg op maat van die woorde se ritme wat die dominee uitspreek. Wat hy gesê het sal ek nie kan onthou nie, maar dit het toe sin gemaak," vertel Daniël verder.

Eksel self merk op dat Daniël ook wieg. Die koffiebeker word gedraai en is inpas met sy wieg ritme. Ek sien hoe die stoom van die koffie meng met die sonstraal en dans saam met die stof 'feetjies'. Ek merk op dat die koffie steeds netso warm stoom soos toe dit geskink is. *'Hoe lank sit ek nou al hier?'* wonder ek *'Dit voel vir ewig!'*. Daniël wieg, die beker draai, die stoom meng, dit is asof alles in 'n dans betrokke is. Ek moes meer bedagsaam gewees het. Ek moes geweet het dat Daniël besig was om my stadig in 'n beswyming te kry. Ek moes opgestaan en uitgehardloop het, maar Daniël was al deur te veel die laaste ruk. Soos hy voor my sit lyk hy moeg. Ek kry hom jammer oor wat in die verlede alles met hom gebeur het.

Byvoorbeeld, so 'n rukkie nadat die gerugte oor Daniël die eerste keer op die lappe gekom het, het 'n rykmanskind op die dorp

(’n matriek leerling) besluit om vir Daniël en sy gesin ’n les te leer. Die kind het ’n watertrok, met ’n tien duisend liter tenk gehuur. Hy het een van sy vriende, wat op ’n plot bly, omgekoop om al die rou riool uit hulle septiese tenk in die watertrok te pomp. "Gewoonlik kom die "Honey Sucker" eenkeer in ses maande om die tenk skoon te suig," het die vriend later aan ons koerant vertel. "Ek is so ’n klomp geld betaal, dat ek nie twee keer gedink het nie. Ek moes seker uitgevind het hoekom hy (die seun) die rou riool wou hê."

Die rykmanskind het toe, in die vroeë oggendure, die watertrok teen Daniël se grensmuur geparkeer en die riool in hulle swembad getap. Daniël was vroeg die volgende oggend, deur sy dogter, wakker geskree, nadat sy die swembad in geduik het. "Ek was nog deur die slaap" het sy later aan ons koerant vertel. "Dus het ek in die swembad geduik sonder om te sien wat alles ronddryf." Daniël se dogter was die grap van die dorp, sy was so gespot, en die rykmanskind het geen gevolge gedra nie. Die dorp het geglo dat Daniël en sy gesin dit verdien.

"Die dominee sê hy het 'woord ontvang', daar is nog mense in die gehoor wat vorentoe moet kom. Die dominee sê hy gaan hulle op hulle name roep," vertel Daniël vir my. "Van die mense se name het ek nog nooit gehoor nie."

Terwyl Daniël praat hou ek die skaduwee van die suikerpotjie op sy hout bombuistafel dop. Dit lyk of die skaduwee al hoe dikker word (Is daar iets soos ’n dik skaduwee?).

Daniël vertel hoe hy bewus raak dat die dominee aanhoudend sy naam roep. "Daniël, Daniël, Daniël, Daniël, kom na vore. Daniël, Daniël, Daniël, Daniël...". Hy vertel hoe dit klink asof die hele gemeente saam sy naam roep en sing.

Daniël vertel verder dat die Dominee direk in die kamera in kyk. Die Dominee se swart oë kyk stip na hom deur die lens, asof die dominee direk in sy siel in wil staar. Sy oë lok, vir Daniël, soos swart magnete, hy kon nie weg kyk nie. Hy hoor hoe die gemeente sy naam sing. "Daniël, Daniël, Daniël...". Hy hoor hoe die lugversorger langs hom, 'n elektriese aan-af klink gedruis, in ritme met die sang maak (of saam sing?). Dit was toe dat hy voel hoe die kamer waarin hy sit, yskoud word.

Soos Daniël praat, voel ek ook die temperatuur daal hier in sy kombuis; ek kan voel hoe hoendervleis op my vel uitslaan - maar ek is betower. Ek kan nie van Daniël weg kyk nie.

Ek dink terug hoe koud my ouerhuis was (daardie week) toe ek terug getrek het. Ek wou seker maak my ma gebruik nie weer al my pa se pyn medikasie vir haarself nie. Ek het uitgevind dat, deur die jare, my ma geleidelik die medisyne, wat die dokters vir my pa voorgeskryf het, self begin neem het. Eers was dit net dan-en-wan (volgens haar), of soos sy dit nodig gehad het; om te ontvlug van my pa se swaar "yster hand". Later, toe die verslawing 'n houvas op haar gekry het, het sy al hoe meer geneem. Die dokters het geglo dat, as my ma nie al die medisyne opgedrink het nie, my pa nog kon geleef het.

In die week wat ek weer by my ouers gebly het, het die dokter vertel dat my pa se breinkanker al so vêr gevorder was dat geen medikasie meer kon help nie. Die dokter het my vertel dat my pa nie meer lank oor het om te leef nie. My pa was ook glad nie meer by sy sinne nie. Al wat my pa geglo het, hom sou help, was om die huis konstant yskoud te hou. Net voor ek my ouerhuis finaal verlaat, het my pa die mees skokkende ding vir my gesê. Ek het gewonder of hy yl, maar hier waar ek nou in Daniël se kombuis sit, dink ek my pa se woorde was, soos die boodskappe wat ek in die skaduwees gelees het, 'n waarskuwing. *'Bewaar die stof engele wat in die koel stoom dans, dans, dans. Dit behoort nie aan ons nie!'* Hy het dit oor en oor vir my gesê.

Daniël wieg nog steeds heen en weer, draai sy koffiebeker, die stoom draai in die sonlig. Ek hoor amper nie meer die yskas se aan-af-klik geluid nie. Dit alles saam hipnotiseer my.

Dit hipnotiseer my.

Daniël?

Daniël se oë...? ek kyk, daar is iets wat beweeg, ek kan sien hoe iets swem... Daniël se oë...? Dit lyk soos diep swart poele. Diep swart poele? Iets swem in die swart poele, iets beweeg? Ek wil gaan swem in die poele... ek moet in die poele swem... Die poele is warm. Daniël se kombuis is yskoud.

Ek kan die skaduwee van die suikerpotjie sien, dit is 'n pikswart skaduwee, ek moet my hand daarin druk, dit is die weg na die poele, ek moet by die poele kan uitkom dan sal ek nie meer koud kry nie.

Daniël wieg, swart koffie meng met die stoom, stoom meng met die sonstrale, aan-af-klik gedruis maak 'n ritme, dit is 'n dans.

"Nee pappa, moet my nie in die kis druk nie, ek sal nie weer nie!" hoor ek myself skree terwyl ek hier in Daniël se kombuis sit. Ek moet vlug na die swart poele. Ek moet by die swart poele kom, saam met die groot... swart... iets, die iets, die donker iets sal my beskerm.

"Dit behoort nie aan ons nie!" hoor ek my pa se stem op my skree.

"Kom swem in my, ek het jou na my toe geroep. Ek is gereed om weer te eet!" Hoor ek Daniël uitroep. Ek sien hoe sy lippe wegtrek en 'n lag vorm, maar dit lyk eerder soos 'n leeu wat sy tande vir my wys. "Jy moet nou induik, jy moet nou swem, kom swem waar dit warm is, kom swem saam met ons!"

Daniël staan op en los die koffiebeker op die tafel. Ek hoor net die elektriese aan-af-klik gedruis van die yskas, dit is soveel harder as tevore.

Ek sien die stof 'feetjies' wat dans. Ek sien, die skaduwee van die suikerpotjie het nog niks geskuif het nie. Hoe kan dit wees? Skaduwees moet tog beweeg?

"Kom na my toe!" hoor ek Daniël roep. "Ek het geslaap, maar nou is ek wakker. Jy moet kom swem, sodat ons saam kan dans."

'Bewaar die stof engele wat in die koel stoom dans, dans, dans.

Dit behoort nie aan ons nie!' hoor ek my pa se stem skree.

"Skaduwees wat nie beweeg nie is dooie skaduwees, dit is leeg, dit het geen siel en geen boodskap om te ontsyfer nie. Skaduwees wat nie beweeg nie behoort aan 'n son wat nie skyn nie," hoor ek die stem van die engeltjie, wat in die groot venster van my ouers se kombuis gehang het. "Die poele is dood, die skaduwee is dood, die son is dood"

'Ek moet hier wegkom, al die skindertonge het gewaarsku dat Daniël besete is!' dink ek benoud.

Nadat Daniël daardie dag uit die kerk uitgekom het, het hy vir almal begin vertel dat hy "woord" ontvang het van die besoekers af. In die koerante was geskrywe dat Daniël (volgens hom) die weg moet gereed maak vir hulle. Die koerante het ook geskryf dat Daniël die storie opmaak; daar is glad nie 'n ekstra spaarkamer by die kerk nie, ook het niemand ooit gehoor van 'n onbekende 'kerk beampte' nie. Die koerante het geskryf dat die dominee wat daardie dag gepreek het, 'n Engelse dominee van Amerika was, nie 'n Afrikaanse dominee wat babataal praat nie.

As Daniël die storie net daar gelos het, sou die dorp hom as 'n poetsbakker afgemaak het, maar hy het aangehou om te verkondig dat hy die weg gereed moet maak.

Hoekom is ek hier???

Ons koerant het onlangs berig dat sewe kinders verdwyn het. Almal was die laaste keer naby Daniël se huis gesien. Die polisie het hom al ondervra (kon niks kry). Ek wou kom uitvind of Daniël se storie oor "die weg gereed maak" en die verdwynings dalk verband hou. Ek het so vermoed nadat ekself 'n kriptiese boodskap ontvang het.

'n Paar weke gelede het ek in my tuin gewerk, toe ek in die skaduwee wat die plante op die grond gooi iets lees. '*Die kinders, die besoekers, die donker poel*' was al wat ek kon uitmaak. Dit het my vele aande gepla totdat ek eendag, by my werk, iemand hoor praat oor Daniël en sy malligheid met die swart poele. Ek het geweet dat niemand my gaan glo as ek hulle vertel dat ek boodskappe in skaduwees kry en dalk weet waar die kinders is nie, dus moes ek self met Daniël gaan praat.

"Kom dans saam met ons, kom swem, kom dans. Ons het net vir jou gewag, ons is gereed om te eet," sê die iets in die poele vir my.

Ek wil saam swem, ek wil dans, ek kry koud, en wil swem en dans.

'*Dans, Dans, Dans. Dit behoort nie aan ons nie!*' Die skaduwees staan stil, dit is leeg, dit behoort nie aan ons nie, daar is geen

boodskap in 'n skaduwee wat stil staan nie. "Nee ek kan nie in gaan nie! Nee ek kan nie. Die swart poel behoort nie aan ons nie!" skree ek. Ek hoor die yskas tik-tik, ek sien vir Daniël oor my troon en ek sien die stof 'feetjies' in die dooie sonstraal dans. Ek sien die suikerpotjie.

"Die kinders is by die donker water poel", ek gryp die suikerpotjie en druk dit in die donker skaduwee in, en ek skree: "Dit behoort nie aan ons nie, dit is nie vir ons bedoel nie". Ek sien Daniël op die grond neerval, dit wil voorkom of hy dood is. Die yskasdeur staan wawyd oop, en binne in die yskas sien ek sewe kinderkoppe in deurskynende plastiek sakke.

Die polisie het my na die tyd vertel dat dit die koppe van die sewe vermiste kinders in die yskas was, en dat ek amper die agste kop in die yskas was. Daniël is toe na 'n hoë-sekuriteit malhuis gestuur, waar hy vir kannibalisme behandeling kry. Hy glo nog steeds dat hy die weg moet gelyk maak en dat hy die aarde van al die slegte vrugte moet red.

Ek weet net wat ek gesien het, en ek weet dat as ek dit vir enige iemand gaan vertel, gaan ek ook opgesluit word.

Ek was 'n besoeker Daniël se leeukuil en ek het lewendig daar uitgekom.